



Santa Gertrudis

BULLE bied **SWAARDER SPEENKALWERS**
vir kommersiële bees boerdery, met behulp van kruisteling

>>> Ferdi van Aswegen

In die praktyk is daar reeds deur 'n klomp boere bewys dat deur Santa Gertrudis bulle op kommersiële vleisbees koeie te gebruik, daar 'n wesenlike verbetering in speenmassa van die kalwers is.

Meeste van die bewyse is slegs persoonlike ervarings wat mondeliks met mekaar gedeel word, maar die rekordhouding daarvan is nie orals beskikbaar nie.

Daar is wel besluit om die ervarings wel op die proef te stel.

PROEF PROTOKOL

Daar is besluit om 'n proef te doen, waar 75 kommersiële vleisbees koeie, van alle ouderdomme en verskillende produksie stadiums, ewekansig in drie groepe van 25 koeie ingedeel is.

Die Santa bul wat op die proef gestel is, is by een van die drie groepe geplaas, waar die ander twee groepe, elkeen 'n geregistreerde bul, van 'n ander ras gekry het, wat reeds in die kudde gebruik word.

Die Santa bul, is ook 'n geregistreerde bul, wat deur 'n geloofwaardige Santa Gertrudis teler verskaf is.

Die dekseisoen het oor die tydperk van Januarie tot Maart 2018 plaasgevind, en die kalwers het aangekom tussen Oktober en Desember 2018.

Daar is op 'n speenouderdom besluit van 7 maande,

en gebalanseerde onderhouds lek.

RESULTATE

Kalwers is presies op die regte ouderdomme geweeg, geboorte, drie maande en sewe maande ouderdomme.

Kalwers is ook almal op dieselfde tyd van die dag geweeg, tussen 9 uur en 11 uur in die oggende.

Koeie is twee tot drie maal per week in gebring kraal toe om almal deur te gaan en seker te maak almal is gesond, en reg.

Die hele lys van resultate is beskikbaar op aanvraag.

Die resultate van elke kalf is in ag geneem, en van daar af is 'n gemiddeld vir elke groep uitgewerk.

Die twee kontrole groepe se resultate is bymekaar gegooi en 'n gemiddeld is gekry, wat die totale kontrole groep se gemiddeld verteenwoordig.

Die feit dat die koeie verskillende ouderdomme is en ook 'n groot invloed op kalf prestasie het, is ook in ag geneem.

'n Basiese uitleg van die resultate word hier onder gegee, waar die kontrole groep se gemiddelde gewig uitgedruk word in 'n indeks van 100.

Die Santa Gertrudis bul se groep resultate word uitgedruk as 'n persentasie verbetering op die indeks van 100.

| | Geboorte gewigte | 3 maande ouderdom | 7 maande ouderdom |
|---|------------------|-------------------|-------------------|
| Santa Gertrudis bul se kalwers se gewigte (gemiddelde gewig indeks) | 105.12 | 112.26 | 113.68 |
| Kontrole bulle se kalwers se gewigte (gemiddelde gewig indeks) | 100.00 | 100.00 | 100.00 |
| Verskil (% verbetering) | 5.12% | 12.26% | 13.68% |

om seker te maak dat die gewigte teenoor die regte ouderdom vergelyk kan word.

Daar is rekord gehou van die kalwers se geboortemassa, die drie maande oue massa en dan ook die sewe maande oue massa.

Dieselfde gekalibreerde skaal is gebruik, om ook enige probleme wat kan ontstaan as gevolg van die weeg proses uit te skakel.

Die laaste kalwers se sewe maande gewigte is geneem in Julie 2019, waarna die proef afgesluit is.

PROEF OMGEWING

Die proef is gedoen in 'n hoogs ekstensiewe, deelydse beesboerdery situasie, in die strawwe hartwater bosveld gebied van Noord Wes.

Geen ekstra voeding en intensiewe kraal fasiliteite is gebruik nie.

Slegs normale bestuur praktyke, inentingsprogram en bosluis beheer program is toegepas, met diere wat permanent op die veld was, met 'n goed geformuleerde

FINANSIËLE ASPEKTE

Die proef het suiwer gegaan oor die verbetering van speenkalf gewigte op 'n kommersiële vleisbees kudde met die gebruik van 'n Santa Gertrudis bul.

Die resultate het gewys dat die Santa Gertrudis groep 'n verbetering van 13.68% op speengewig op sewe maande gegee het teenoor die kontrole groep se speengewig.

Dit beteken nie veel as ons nie die finansiële aspekte bybring nie.

Indien die kontrole groep se gemiddelde speengewig op sewe maande **230kg** was, het die Santa bul se groep se gemiddelde speen gewig op **261kg** op 7 maande gestaan (**13.68%** verbetering).

Dit beteken daar was **31kg** verbetering van die kontrole groep, na die Santa groep.

31kg @ R 29/kg (speenkalf prys van Julie/Augustus 2019), werk uit op **R 899** per kalf, meer inkomste wat realiseer kan word vir 'n speenkalf boer.



Indien die kudde uit 150 koeie bestaan, met 'n 90% kalfpersentasie en 'n 87% speenpersentasie, behoort die produsent 130 kalwers per jaar te speen, met 'n R899 verbetering in speenkalf inkomste, kan dit **R116 870** meer in die produsent se sak druk per jaar, deur Santa Gertrudis bulle te gebruik.

SLOTSOM

Hierdie proef was 'n regte plaasproef, en nie noodwendig baie wetenskaplik nie, maar ongelukkig is die praktyk ook nie baie wetenskaplik nie. Die proef is ook baie ekstensief toegepas, om seker te maak die werklike realiteite word aangespreek. Die proef het ook net oor een dekseisoen gestrek, wat relatief 'n kort tydperk is vir ordentlike proewe.

Soos die tyd aangaan behoort meer data in te kom, om die proef meer waterdig te maak.

Die proef het wel die betrokke produsent oortuig dat Santa Gertrudis bulle met gemak en vertrouwe gebruik kan word in sy situasie en omstandighede om sy speenkalf gewigte te verbeter en te verhoog.

Soos meeste beesboere weet, ongelukkig gebeur dit dat wat op die een boer se plaas werk, werk nie noodwendig op die ander boer se plaas nie.

Die produsent wat betrokke was by die bogenoemde proef, kan wel ander speenkalf produsente aanraai om die gebruik van Santa Gertrudis bulle in hul boerderye op die proef te stel. Dit het vir hom 'n baie groot finansiële voordeel tot gevolg gehad.

